

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

UITGAWE OP GESAG.

10c

Vrydag 15 Mei 1970

WINDHOEK

Friday 15 May 1970

No. 3077

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. R.724 (Republiek) Regulasies vir die Verkiesing van Lede van die Uitvoerende Komitee van Suidwes-Afrika

(Republic) Regulations Governing the Election of Members of the Executive Committee of South West Africa 542

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. R. 724 (Republiek).] [15 Mei 1970

No. R. 724 (Republic).] [15 May 1970

REGULASIES VIR DIE VERKIESING VAN LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN SUIDWES-AFRIKA.

REGULATIONS GOVERNING THE ELECTION OF MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF SOUTH WEST AFRICA.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid om verleen by artikel 5 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet no. 39 van 1968), onderstaande regulasies uitgevaardig:—

The State President has, by virtue of the powers vested in him by section 5 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act No. 39 of 1968), made the following regulations:—

WOORDBEPALINGS.

DEFINITIONS.

1. In hierdie regulasie beteken —
- (1) „die Administrateur” die Administrateur aangestel ingevolge artikel 2 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968;
 - (2) „die Voorsitter” die voorsitter van die Wetgewende Vergadering;
 - (3) „lid” ’n lid van die Wetgewende Vergadering;
 - (4) „algemene verkiesing” ’n verkiesing van al die lede van die Uitvoerende Komitee gehou as gevolg van

1. In these regulations —
- (1) “the Administrator” means the Administrator, appointed in terms of section 2 of the South West Africa Constitution Act, 1968;
 - (2) “the Chairman” means the Chairman of the Legislative Assembly;
 - (3) “member” means a member of the Legislative Assembly;
 - (4) “general election” means an election of all the members of the Executive Committee held in con-

- 'n algemene verkiesing van lede van die Wetgewende Vergadering;
- (5) „tussenverkiesing” 'n verkiesing om een of meer toevallige vakatures wat op enige tydstip behalwe tydens 'n algemene verkiesing ontstaan, aan te vul;
- (6) „afgehandelde stembriefie” 'n stembriefie waarop geen verdere keuse vir 'n blywende kandidaat aangeteken is nie, of waarop —
- (a) die name van twee of meer kandidate, hetsy blywend of nie, met dieselfde syfer gemerk en eersvolgend in orde van keuse is; of
- (b) die naam van die kandidaat, hetsy blywend of nie, wat eersvolgend in orde van keuse geplaas is, gemerk is met twee of meer syfers of met 'n syfer wat nie opeenvolgend op 'n ander syfer volg nie wat gemerk is teenoor die naam van die kandidaat ten gunste van wie die onmiddellik voorafgaande keuse aangeteken is;
- (7) „blywende kandidaat” 'n kandidaat wat nie verkies is of van die stemming uitgesluit is nie;
- (8) „eerste keuse” 'n eerste keuse wat op 'n stembriefie vir enige kandidaat aangeteken is, deur die syfer een teenoor die naam van daardie kandidaat te merk in die ruimte wat op sodanige stembriefie verskaf word vir die uitbring van 'n stem; en enige ander rangtelwoord het 'n ooreenstemmende betekenis wanneer in verband met die woord „keuse” gebruik;
- (9) „onafgehandelde stembriefie” 'n stembriefie waarop 'n verdere keuse vir 'n blywende kandidaat aangeteken is;
- (10) „oorspronklike stemme” ten opsigte van enige kandidaat, die eerste keuses vir daardie kandidaat wat op stembriefies aangeteken is;
- (11) „oorgedraagde stem” ten opsigte van enige kandidaat, 'n stem wat verkry is van stembriefies waarop 'n tweede of daaropvolgende keuse vir daardie kandidaat aangeteken is en waarvan die waarde of enige gedeeltelike waarde aan sodanige kandidaat toegeken is;
- (12) „surplus” die getal waarmee die waarde van die stemme van enige kandidaat, of oorspronklik of oorgedra, die kwota wat ingevolge die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 21 vasgestel is, te bowe gaan;
- (13) „uitgeslote kandidaat” 'n kandidaat wat ingevolge regulasie 20 of 22 van die stemming uitgesluit is;
- (14) „volstreckte meerderheid” meer as een helfte van die waarde, ooreenkomstig hierdie regulasies vasgestel, van al die stemme wat vir persone wat kandidate vir enige verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee is, aangeteken is, uitgesonderd die waarde van stemme wat op afgehandelde stembriefies van uitgeslote kandidate aangeteken is.
- sequence of a general election of members of the Legislative Assembly;
- (5) “by-election” means an election to fill a casual vacancy or vacancies occurring at any time other than at a general election;
- (6) “exhausted paper” means a ballot paper on which no further preference is recorded for a continuing candidate, or on which —
- (a) the names of two or more candidates, whether continuing or not, are marked with the same numeral figure and are next in order of preference; or
- (b) the name of the candidate next in order of preference, whether continuing or not, is marked by two or more numeral figures, or by a numeral figure not following consecutively after the figure marked against the name of the candidate in whose favour the immediately preceding preference is recorded;
- (7) “continuing candidate” means a candidate not elected or not excluded from the poll;
- (8) “first preference” means a first preference recorded on a ballot paper for any candidate by marking the numeral one opposite the name of that candidate in the space provided on such ballot paper for the recording of a vote; and any other ordinal numeral has a corresponding meaning when used in conjunction with the word “preference”;
- (9) “unexhausted paper” means a ballot paper on which a further preference is recorded for a continuing candidate;
- (10) “original votes”, in regard to any candidate, means the first preferences for that candidate recorded on ballot papers;
- (11) “transferred vote”, in regard to any candidate, means a vote derived from ballot papers on which a second or subsequent preference for that candidate is recorded and the value or part of the value of which is credited to such candidate;
- (12) “surplus” means the number by which the value of the votes of any candidate, original and transferred, exceeds the quota ascertained in terms of sub-regulation (1) of regulation 21;
- (13) “excluded candidate”, means a candidate excluded from the poll in terms of regulation 20 or 22;
- (14) “absolute majority” means more than one-half of the value, ascertained in terms of these regulations, of all the votes recorded in favour of persons who are candidates for any election of members of the Executive Committee, excluding the value of votes recorded on exhausted papers of excluded candidates.

AANSTELLING VAN KIESBEAMPTTE, ASSESSORE EN BEAMPTES.

2. (1) Die Klerk van die Wetgewende Vergadering of 'n ander persoon wat wettig in sy plek waarneem moet as kiesbeampte by sodanige verkiesing optree, en moet, onderworpe aan die bepalings van hierdie regulasies, alles doen wat vir die behoorlike hou van die verkiesing nodig is.

(2) Die Administrateur kan 'n assistent-kiesbeampte aanstel wat sodanige pligte by enige sodanige verkiesing

APPOINTMENT OF RETURNING OFFICER, ASSESSORS AND OTHER OFFICERS.

1. (1) The Clerk of the Legislative Assembly, or other person lawfully acting for him, shall act as returning officer at such election, and shall, subject to these regulations, do all things necessary for the proper conduct of the election.

(2) The Administrator may appoint a person to be an assistant returning officer, who shall carry out such du-

as wat deur die kiesbeampte aan hom opgedra word, moet verrig.

3. Die Administrateur en die Voorsitter moet elkeen 'n persoon (wat nie 'n lid is nie) as 'n assessor aanstel om die kiesbeampte in verband met die uitvoer van sy pligte ooreenkomstig hierdie regulasies by te staan.

4. Elke kiesbeampte, assistent-kiesbeampte en assessor moet voordat hy sy amp aanvaar, 'n eed of verklaring voor die Voorsitter, Sekretaris van Suidwes-Afrika, Adjunk-Sekretaris van Suidwes-Afrika, 'n landdros, 'n addisionele landdros of 'n assistent-landdros aflê dat hy getrou en op onpartydige wyse sy pligte ooreenkomstig hierdie regulasies sal vervul en geen inligting openbaar sal maak wat hy in die vervulling van daardie pligte te wete mag kom nie, behalwe vir doeleindes van hierdie regulasies of wanneer hy daartoe verplig is as 'n getuie in 'n gereghof.

NOMINASIE VAN KANDIDATE.

5. Die verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee vind plaas ingevolge artikel 5 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968.

6. (1) Wanneer 'n verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee plaasvind, moet die Voorsitter voorsit en hy vra op sodanige sitting nominasies van kandidate, wat aan die kiesbeampte oorhandig moet word.

(2) Elke nominasie moet op 'n nominasiebrief ingedien word en op die vorm U.V. 1 (SWA), in die Bylae hierby uiteengesit, wees. Sodanige vorms moet op versoek van enige lid deur die kiesbeampte verstrekkend word, en moet deur 'n lid as voorsteller en deur 'n ander lid as sekondant onderteken word asook deur die genomineerde om aan te dui dat hy die nominasie aanneem: Met dien verstande dat aanname van nominasie ook aan die kiesbeampte bekend gemaak kan word per brief of telegram wat hom bereik voor die verdaging van die sitting waar die nominasie ingedien is.

(3) (a) 'n Nominasiebrief wat die name van meer as een kandidaat bevat, of wat enige handtekening of merk bevat behalwe die handtekening van die voorsteller, die sekondant, die genomineerde persoon en dié wat kragtens subregulasie (4) vereis word, is ongeldig.

(b) Geen lid mag, hetsy as voorsteller of as sekondant, meer as een nominasiebrief onderteken nie en enige nominasiebrief aldus onderteken is ongeldig.

(4) Elke persoon wat 'n nominasiebrief moet onderteken, moet dit doen in die teenwoordigheid van die kiesbeampte, 'n landdros, addisionele landdros of assistent-landdros wat ook die nominasiebrief as getuie moet onderteken en daarop sy amp en die datum waarop hy dit onderteken het, vermeld, nadat hy hom eers van die identiteit van elke ondertekenaar vergewis het en die aandag van die ondertekenaars op die bepalings van hierdie regulasie gevestig het.

7. (1) Sodra die Voorsitter oortuig is dat elke lid wat by die sitting vir die verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee aanwesig is en 'n kandidaat vir verkiesing by daardie sitting wil nomineer en dit gedoen het, moet hy die sitting verdaag.

(2) Daarna gaan die kiesbeampte al die nominasies deur hom ontvang na en nadat hy die assessore geraadpleeg het, verwerp hy al die nominasies wat nie aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen nie.

(3) Die assessore moet aan die kiesbeampte 'n sertifikaat verstrekkend waarin vermeld word of hulle oortuig is

ties at any such election as may be assigned to him by the returning officer.

3. Two assessors, not being members, shall be appointed, one by the Administrator and one by the Chairman, to assist the returning officer in the execution of his duties in terms of these regulations.

4. Before commencing their duties, the returning officer, assistant returning officer, and the assessors shall be required to take an oath or make an affirmation before the Chairman, Secretary for South West Africa, Deputy Secretary for South West Africa, a magistrate, an additional magistrate or an assistant magistrate that they will faithfully and impartially discharge the duties of their offices in terms of these regulations and that they will not disclose any facts or information coming to their knowledge in the performance of those duties, save for purposes of these regulations or when required to do so as a witness in a court of law.

NOMINATION OF CANDIDATES.

5. The election of members of the Executive Committee shall be held in terms of section 5 of the South West Africa Constitution Act, 1968.

6. (1) Whenever an election of members of the Executive Committee is held, the Chairman shall preside and at such sitting shall call for nominations of candidates which shall be delivered to the returning officer.

(2) Every nomination shall be submitted on a nomination paper in the form U.V.1 (S.W.A.) set out in the Schedule hereto. The returning officer shall supply such forms on request to any member and the forms shall be signed by a member as proposer and by another member as seconder as also by the person nominated to signify acceptance of the nomination: Provided that acceptance of a nomination may also be communicated to the returning officer by letter or telegram reaching him before the adjournment of the sitting at which the nomination is made.

(3) (a) A nomination paper which contains the names of more than one candidate, or which bears any signature or mark other than the signatures of the proposer, the seconder, the person nominated together with the signature required under subregulation (4), shall be void.

(b) No member shall sign, either as a proposer or seconder, more than one nomination paper and every nomination paper so signed shall be void.

(4) Every person required to sign a nomination paper shall do so in the presence of either the returning officer, a magistrate, an additional magistrate or an assistant magistrate, who shall also sign the nomination paper as witness and state thereon his office and the date of signing. Before witnessing any signature as aforesaid, the returning officer, magistrate, additional magistrate, or assistant magistrate, as the case may be, shall satisfy himself as to the identity of each signatory and draw the attention of the signatories to the provisions of this regulation.

7. (1) When the Chairman is satisfied that every member present and desiring to nominate a candidate at the sitting for purposes of the election of members of the Executive Committee, has done so, he shall adjourn the sitting.

(2) The returning officer shall thereupon consider all nominations received by him, and shall, after consultation with the assessors, reject all the nominations which do not comply with the requirements of these regulations.

(3) The assessors shall furnish a certificate to the returning officer indicating whether or not they are satis-

dat die nominasies aan hierdie regulasies voldoen, al dan nie. Enige meningsverskil tussen die kiesbeampte en die assessore moet deur die kiesbeampte verwys word na die Administrateur wie se beslissing oor die saak finaal is.

8. Die kiesbeampte verstrek dan aan die Administrateur en Voorsitter 'n opgawe waarop die name en adresse van die kandidate wat behoorlik genomineer is voorkom, tesame met die sertifikaat van die assessore kragtens subregulasie (3) van regulasie 7.

9. (1) Wanneer die getal kandidate wat kragtens hierdie regulasies behoorlik genomineer is, minder is as die getal vakatures wat gevul moet word, stel die kiesbeampte die Voorsitter daarvan in kennis.

(2) Die Voorsitter hervat die verrigtinge, verwittig die lede wat die betrokke sitting bywoon dienooreenkomstig en vra om verdere nominasies.

(3) As die getal behoorlik genomineerde kandidate, nadat daar om verdere nominasies kragtens subregulasie (2) gevra is, nog minder is as die getal vakatures wat gevul moet word, moet die kiesbeampte die aldus genomineerde kandidate behoorlik verkose verklaar. Onmiddellik daarna stel hy die Administrateur en die Voorsitter in kennis van die name van die persone wat verkose verklaar is. By ontvangs van hierdie berig verwittig die Voorsitter die lede wat die betrokke sitting bywoon dienooreenkomstig.

10. Die oorblywende vakatures word dan as toevallige vakatures beskou en word aangevul ingevolge die bepaling van regulasie 28.

11. As die getal behoorlik genomineerde kandidate gelyk is aan die getal vakatures wat gevul moet word, moet die kiesbeampte die aldus genomineerde kandidate as behoorlik verkose verklaar en onmiddellik die Administrateur en die Voorsitter in kennis stel van die name van die persone wat behoorlik verkose verklaar is. By hervatting van die verrigtinge maak die Voorsitter die name van die verkose persone bekend aan die lede wat die betrokke sitting bywoon.

12. (1) As die getal genomineerde kandidate die getal vakatures wat aangevul moet word te bowe gaan, moet die kiesbeampte 'n opgawe aan die Voorsitter verstrek waarin die name, adresse en beroepe van die behoorlik genomineerde kandidate en die name van die lede deur wie hulle genomineer is, gemeld word.

(2) Die Voorsitter moet by die hervatting van die verrigtinge die name van die genomineerde kandidate aan die lede wat die sitting bywoon, bekend maak, en daarna word die verkiesing voortgesit op die wyse wat hieronder voorgeskryf word.

STEMBRIEFIES.

13. (1) Vir doeleindes van 'n verkiesing kragtens hierdie regulasies moet die kiesbeampte stembriefies volgens die vorm U.V.2 (S.W.A.) laat opstel of (in die geval waar die verkiesing volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging moet plaasvind), volgens die vorm U.V.2 (a) (S.W.A.), soos in die Bylae hierby uiteengesit. Elke stembriefie moet in albei die amptelike tale van die Republiek opgestel wees, en die volle name van al die behoorlik genomineerde kandidate, in alfabetiese orde volgens hulle familienaam gerangskik, en hulle adresse en beroepe moet daarop gedruk wees.

fied that the nominations are in accordance with these regulations. Any disagreement between the returning officer and the assessors shall be referred by the returning officer to the Administrator whose decision in regard to the matter shall be final.

8. The returning officer shall then furnish to the Administrator and Chairman a return showing the names and addresses of the candidates duly nominated together with a certificate by the assessors in terms of subregulation (3) of regulation 7.

9. (1) If fewer candidates are duly nominated in terms of these regulations than the number of vacancies to be filled, the returning officer shall notify the fact to the Chairman.

(2) The Chairman shall resume the proceedings, inform the members present at the sitting accordingly and call for further nominations.

(3) If, after further nominations have been called for as provided in subregulation (2), the number of candidates duly nominated is still smaller than the number of vacancies to be filled, the returning officer shall declare the candidates so nominated to be duly elected, and shall immediately thereafter notify the Administrator and the Chairman of the names of the persons declared duly elected. The Chairman, upon being so notified, shall inform the members present at the sitting accordingly.

10. The remaining vacancies shall be regarded as casual vacancies and shall be filled as provided in regulation 28.

11. If the number of candidates duly nominated is equal to the number of vacancies to be filled, the returning officer shall declare the candidates so nominated to be duly elected, and shall immediately thereafter notify the Administrator and the Chairman of the names of the persons declared duly elected. The Chairman shall, upon the resumption of proceedings, inform the members present at the sitting of the names of the persons declared duly elected.

12. (1) If the number of nominated candidates exceeds the number of vacancies to be filled, the returning officer shall make a return to the Chairman showing the names, addresses, and occupations of the candidates who have been duly nominated, together with the names of the members who have nominated them.

(2) The Chairman shall, upon the resumption of proceedings, announce to the members present at the sitting the names of the candidates duly nominated, and thereupon the election shall proceed in the manner hereinafter prescribed.

BALLOT PAPERS.

13. (1) The returning officer shall, for purposes of an election under these regulations, cause ballot papers to be prepared in the form U.V.2 (S.W.A.) or (when the election is held in accordance with the system of proportional representation) in the form U.V.2 (a) (S.W.A.) set out in the Schedule hereto, which shall be in both the official languages of the Republic. There shall be printed on every ballot paper, in alphabetical order according to their surnames, the full names of all duly nominated candidates together with their addresses and occupations.

(2) Een sodanige stembriefie, agterop gemerk met die amptelike stempel wat vir die doel verskaf word, moet deur die kiesbeampte aan elke lid wat die betrokke sitting bywoon, gegee word.

(3) Die naam van die lid aan wie 'n stembriefie aldus uitgereik is, moet op die teenblad daarvan aangeteken word.

(4) Elke lid wat teenwoordig is, stem persoonlik en geen lid word toegelaat om by volmag te stem nie.

PROSEDURE BY STEMMING.

14. (1) Sodra 'n lid sy stem op 'n stembriefie, wat kragtens subregulasie (2) van regulasie 13 aan hom uitgereik is, uitgebring het, vou hy dit op so 'n wyse dat die amptelike stempel daarop duidelik sigbaar is en plaas dit in die stembus wat vir die doel verskaf word nadat hy die kiesbeampte die amptelike stempel laat sien het.

(2) As 'n lid 'n stembriefie onopsetlik bederf, moet hy dit aan die kiesbeampte teruggee, wat, indien hy daarvan oortuig is dat dit onopsetlik gedoen is, die stembriefie hou, dit onmiddellik kanselleer, die teenblad daarvan dienoreenkomstig endosseer en 'n nuwe stembriefie aan die betrokke lid uitreik.

15. (1) Behoudens in die omstandighede in subregulasie (2) genoem het elke lid slegs een stem ten opsigte van elke vakature wat gevul moet word, en nie meer as een stem mag deur enige lid op enige besondere kandidaat uitgebring word nie.

(2) Wanneer 'n verkiesing volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging moet plaasvind, het elke lid slegs een stem, maar hy kan agtereenvolgende keuses vir enige getal kandidate uitbring.

16. (1) Wanneer 'n verkiesing volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging moet plaasvind, moet 'n lid stem deur die syfer een op die plek wat daarvoor bedoel is, te plaas teenoor die naam van die kandidaat vir wie hy wil stem; hy kan terselfdertyd agtereenvolgende keuses vir ander kandidate uitbring, en elke volgende keuse word aangedui deur die daaropvolgende syfer teenoor die naam van die betrokke kandidaat te plaas.

(2) In elke ander geval stem 'n lid vir enige kandidaat deur 'n kruis teenoor die naam van die kandidaat op die plek wat op die stembriefie daarvoor bedoel is, te maak.

17. 'n Stembriefie is ongeldig —

- (a) as dit nie die amptelike merk wat kragtens subregulasie (2) van regulasie 13 daarop geplaas moet word, dra nie;
- (b) as dit enige skrif, merk of handtekening dra waardeur 'n lid geïdentifiseer kan word;
- (c) in die geval van 'n ander verkiesing as dié volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging, as kruisies teenoor die name van meer kandidate as wat daar vakatures is wat aangevul moet word, gemerk is;
- (d) in die geval van 'n verkiesing volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging, as die syfer een nie teenoor die naam van enige kandidaat geplaas is nie, of teenoor die naam van meer as een kandidaat geplaas is, of teenoor die naam van enige kandidaat tesame met enige ander syfer geplaas is;
- (e) as dit ongemerk of ongeldig is weens onsekerheid: Met dien verstande dat 'n stembriefie nie op grond van onsekerheid as ongeldig beskou word nie slegs omdat dieselfde plek in orde van keuse vir meer as

(2) The returning officer shall hand one such ballot paper, marked on the back with the official mark supplied for the purpose, to each member present at the sitting.

(3) The name of the member to whom a ballot paper is so issued, shall be recorded on the relative counterfoil.

(4) Each member present shall vote in person, and no member shall be allowed to vote by proxy.

SYSTEM OF VOTING.

14. (1) When a member has recorded his vote on a ballot paper issued to him in terms of subregulation (2) of regulation 13, he shall fold the ballot paper so that the official mark thereon is clearly visible, and having held up the ballot paper so that the returning officer can recognize the official mark, shall drop the ballot paper in the ballot box provided for the purpose.

(2) If a member inadvertently spoils a ballot paper, he shall return it to the returning officer, who shall, if satisfied of such inadvertence, give him another ballot paper and retain the spoiled ballot paper, and such spoiled ballot paper shall be immediately cancelled, and the fact of such cancellation shall be noted upon the counterfoil.

15. (1) Subject to the circumstances set out in subregulation (2), every member shall have one vote only in respect of each vacancy to be filled, and no member shall vote more than once for any particular candidate.

(2) When an election is to be held in accordance with the system of proportional representation, every member shall have one vote only, provided that he may record successive preferences in favour of any number of candidates.

16. (1) When an election is to be held in accordance with the system of proportional representation, every member shall vote by placing the numeral figure one in the space provided for the purpose against the name of the candidate for whom he desires to vote; he may at the same time record successive preferences in favour of other candidates each next preference being signified by placing the next following numeral figure against the name of the candidate concerned.

(2) In every other case a member shall vote for a candidate by placing a cross against the name of the candidate in the space provided for that purpose on the ballot paper.

17. A ballot paper shall be invalid —

- (a) which does not bear the official mark which is required to be placed thereon in accordance with subregulation (2) of regulation 13;
- (b) which bears any writing or mark or signature by which a member can be identified;
- (c) if, in the case of an election other than an election in accordance with the system of proportional representation, it bears crosses against the name of more candidates than the number of vacancies to be filled;
- (d) if, in the case of an election in accordance with the system of proportional representation, the numeral one has not been placed against the name of any candidate, or has been placed against the name of more than one candidate, or has been placed against the name of any candidate together with any other numeral;
- (e) if it is unmarked or void for uncertainty: Provided that a ballot paper shall not be deemed to be void for uncertainty by reason only that the same place in order of preference has been recorded in favour

een kandidaat aangeteken is, indien die orde van keuse van kandidate, vir wie eerste keuses aangeteken is, duidelik aangedui is.

18. (1) Sodra die stemming by 'n verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee afgehandel is, moet die kiesbeampte in teenwoordigheid van die assessore, ingevolge regulasie 3 aangestel, en die assistent-kiesbeampte, die stembus wat die stembriefies bevat, oopmaak en voortgaan met die tel van stemme.

(2) Uitgesonderd 'n persoon in subregulasie (1) genoem, mag geen persoon by die verrigtinge in daardie subregulasie vermeld, aanwesig wees nie.

(3) By enige verkiesing kragtens hierdie regulasies wat nie 'n verkiesing is wat kragtens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging moet plaasvind nie, moet die getal kandidate wat die hoogste getal stemme ontvang, maar hoogstens die getal wat verkies moet word, deur die kiesbeampte behoorlik verkose verklaar word.

(4) Indien twee of meer kandidate vir dieselfde vakature dieselfde getal stemme ontvang, moet 'n herverkiesing vir daardie vakature volgens die stelsel van proporsionele verteenwoordiging onverwyld plaasvind en daarna is die bepalinge van regulasies 15 tot en met 25 van toepassing.

19. Vir doeleindes van die tel van stemme in die geval van 'n herverkiesing wat kragtens subregulasie (4) van regulasie 18 gehou moet word —

- (a) het elke geldige stembriefie die waarde van honderd; en
- (b) word alle breuke en alle keuses wat vir kandidate aangeteken is wat reeds verkies is of van die verkiesing uitgesluit is, buite rekening gelaat.

VERKIESING VAN EEN LID.

20. (1) Wanneer een lid van die Uitvoerende Komitee verkies moet word, moet die kiesbeampte vir elke kandidaat 'n aparte pakkie van al die stembriefies waarop 'n eerste keuse ten gunste van sodanige kandidaat aangeteken is, maak.

(2) As enige kandidaat 'n volstreekte meerderheid stemme verkry nadat die verskillende pakkies stembriefies getel is, moet hy verkose verklaar word.

(3) As geen kandidaat 'n volstreekte meerderheid verkry nie, moet die kiesbeampte die kandidaat op wie die kleinste getal eerste keuses uitgebring is van die verkiesing uitsluit en die stembriefies in sy pakkie aan die blywende kandidate oordra volgens die volgende keuses wat daarop aangeteken is. Die waarde van die stembriefies aldus oorgedra, word by dié van die stembriefies wat reeds in die pakkie van die betrokke kandidaat is, gevoeg.

(4) As daar te eniger tyd twee of meer kandidate is wat die laagste in die verkiesing staan en dieselfde waarde van stemme het, word die kandidaat vir wie die kleinste getal eerste keuses aangeteken is, van die verkiesing uitgesluit, en indien die eerste keuses vir twee of meer kandidate aangeteken ook dieselfde is, moet die kiesbeampte deur lootjies te trek, bepaal watter kandidaat uitgesluit moet word.

(5) Die prosedure in subregulasie (3) uiteengesit, word ten opsigte van die blywende kandidaat so dikwels herhaal as wat nodig mag wees om 'n volstreekte meerderheid vir een kandidaat te verkry; die blywende kandidaat met die laagste waarde van stemme word by elke herhaling van sodanige prosedure uitgesluit.

(6) Sodra 'n kandidaat as gevolg van enige verrigtinge kragtens hierdie regulasie 'n volstreekte meerderheid verkry, moet hy behoorlik verkose verklaar word.

of more than one candidate, if the order of preference of candidates for whom prior preferences have been recorded, is clearly indicated.

18. (1) As soon as the voting at an election of members of the Executive Committee has been completed, the returning officer shall open the ballot box containing the ballot papers and proceed with the count in the presence of the assessors appointed in terms of regulation 3 and the assistant returning officer.

(2) No person other than a person referred to in subregulation (1), shall be present at the proceedings mentioned in that subregulation.

(3) At any election in terms of these regulations other than an election in accordance with the system of proportional representation, the number of candidates, but not exceeding the number to be elected, in whose favour the highest number of votes have been recorded shall be declared by the returning officer to be duly elected.

(4) If two or more candidates for the same vacancy receive the same number of votes, a re-election for that vacancy shall forthwith be held in accordance with the system of proportional representation and thereupon the provisions of regulations 15 to 25, inclusive, shall apply.

19. For the purpose of counting the votes in the case of a re-election held under subregulation (4) of regulation 18 —

- (a) every valid ballot paper shall be of the value of one hundred; and
- (b) all fractions and all preferences recorded in favour of candidates already elected or excluded from the poll, shall be disregarded.

ELECTION OF ONE MEMBER.

20. (1) Where one member of the Executive Committee is required to be elected, the returning officer shall in respect of each candidate make a separate parcel of all the ballot papers on which a first preference is recorded in favour of that candidate.

(2) If after the counting of the various parcels of ballot papers any candidate has an absolute majority that candidate shall be declared to be duly elected.

(3) If no candidate obtains an absolute majority, the returning officer shall exclude from the poll the candidate in whose favour the smallest number of first preferences have been recorded, and transfer the ballot papers in his parcel to the continuing candidates according to the next preferences recorded thereon, the value of the ballot papers so transferred being added to that of the ballot papers already in the parcel of the candidate concerned.

